BOEKE

Dit gaan inspireer om groter te leef

31 Mei 2021 05:07



Nie-Fiksie

Hustling, Happiness, and a Blow-Up Doll named Percy – An Unusual Guide to Success and Contentment

Dale Hefer

JONATHAN BALL PUBLISHERS, R260

Die selfhelpraad wat Hefer in dié boek gee, maak op drie hoofbronne staat: Haar eie ervarings, die organisasie Alkoholiste-Anoniem (AA) en stoïsisme.

Dis 'n goeie kombinasie. Hefer is 'n gatskop-sakevrou en ma en ek vat veel eerder advies van so iemand as van 'n monnik wat alleen in 'n grot sit en daaraan werk om hom van die lewe te ontkoppel. Nee wat, vermyding is nie die antwoord nie.

Sy is ook 'n groot voorstander van die AA. Sy verduidelik die beginsels van die AA deeglik en skroom nie om skokkende stories oor haar eie besopenheid in die verlede as waarskuwing te gebruik nie. Dis net sterk mense wat hulself so weerloos kan maak om vir ander te wys watter pad om nié te vat nie.

> **"As daar 'n millenniër in jou lewe is, skenk hulle gerus 'n eksemplaar van Hefer se boek."**

En dan is daar die stoïsisme. Dit is 'n groot tema in my gunstelingboek – ek lees *A Man in Full* deur Tom Wolfe amper elke twee jaar weer – en ek het dit dus baie insiggewend gevind om met Hefer se hulp meer te leer. Ek het my nou ook voorgeneem om van die boeke op haar leeslys agterin te raadpleeg. My begrip daarvan tans is dat dit 'n leerskool is wat sê jy moet jou inhou en ophou om so delikaat te wees. As daar 'n millenniër in jou lewe is, skenk hulle gerus 'n eksemplaar van Hefer se boek.

Hustling is ook 'n boek wat jou sommer lekker gaan laat lag en inspireer om op persoonlike en werkvlak groter en dapperder te lewe.

Ek het wel kritiek. Die boek sou regtig kon doen met 'n deeglike voorwoord wat Hefer aan die leser bekend stel en die boek se vertrekpunt anker. Sy is 'n bekende in die advertensiewese, maar min mense wat die boek optel, gaan dit uit die staanspoor weet. Daar was ook 'n geforseerde jeugdigheid aan die taalgebruik wat

NUUSBULLETIN GEWILDSTE

1. Covid-19: Die jongste syfers en inentings
2. Oosthuizen vorder op gholf se ranglys
3. WGO gee Griekse name vir SA en ander variante
4. Entstof: Probleme as J&J nie gou genoeg kom
5. Osaka onttrek haar aan Franse Ope

Stemme

Waldimar Pelser

Rubriekskrywer

Waldimar Pelser is redakteur van Rapport en aanbieder van 'In Gesprek' op kykNET.

Waldimar Pelser: Watter reputasie verdien die DA?

Waldimar Pelser: ANC is lief vir briewe, maar nie vir joune

komonskliek DEEL VAN NETWERK24

MANS VROUE SOEK



Ekke4

Ek is a bietjie crazy. Hou van avontuur en die natuur. Om te ontspan lees ek. My stokperdjie is om te verken, so ek loop baie. Ek hou nie daarvan om dooierig te wees nie.

Wilnethappywees

Boere meisie in die stad, Plain Jane. Tyd speel 'n belangrike rol in my lewe. Ek hou van tyd maak vir mense, maar wil ook voel iemand maak vir my tyd. Ek is betroubaar,...

Helen Schöer is 'n vryskutresensent van Johannesburg.

Meer oor: Dale Hefer | Hustling | And A Blow-Up Doll Named Percy | Happiness

Nog stories

'Bewussynstroom-verhaal' van outistiese kind

Gedigte as wapen in die stryd teen onreg

'n Meditasie oor lewe, dood

MyStem: Het jy meer op die hart?

Stuur jou mening van 300 woorde of minder na MyStem@netwerk24.com en ons sal dit vir publikasie oorweeg. Onthou om jou naam en van, 'n kop-en-skouers foto en jou dorp of stad in te sluit.

Ons kommentaarbeleid

Netwerk24 ondersteun 'n intelligente, oop gesprek en waardeer sinvolle bydraes deur ons lesers. Lewer hier kommentaar wat relevant is tot die onderwerp van die artikel. Jou mening is vir ons belangrik en kan verdere menings of ondersoeke stimuleer. Geldige kritiek en meningsverskille is aanvaarbaar, maar dit is nie 'n platform vir haatspraak of persoonlike aanvalle nie. Kommentaar wat irrelevant, onnodig aggressief of beledigend is, sal verwyder word. Lees ons volledige kommentaarbeleid hier.

0 Comments Netwerk24 Disqus' Privacy Policy Nonnie Vlok

Recommend Tweet Share Sort by Best

Start the discussion…

Be the first to comment.

Subscribe Add Disqus to your siteAdd DisqusAdd Do Not Sell My Data